

Hoofstuk 6

Slot

6.1 Inleiding

Hoofstuk 6 bevat die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie. In afdeling 6.2 word 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke gegee. Afdeling 6.3 gee die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie aan die hand van die navorsingsvrae en navorsingsdoelstellings wat vir die studie gestel is. Ten slotte word daar in afdeling 6.4 'n vooruitskouing gegee na toekomstige navorsing wat uit hierdie verhandeling kan voortspruit.

6.2 Samevatting

In Hoofstuk 1 is die studie gekontekstualiseer deur die nodige agtergrondinligting te verskaf en die probleem te skets: daar is weinig ooreenstemming in bronne oor Afrikaans van wat 'n deelwoord behels. Dat daar nie eenstemmigheid is nie, is problematies vir alle verdere analises en toepassings, soos wat dit byvoorbeeld die geval was vir lemmatisering en woordsoortetikettering in die NCHLT-projek. In ooreenstemming met die agtergrond en probleemstelling, is die volgende navorsingsvrae gestel:

- a) Hoe word die deelwoord in bestaande Afrikaanse bronne omskryf of gedefinieer, en hoe kan Nederlandse en Engelse beskrywings van die deelwoord daartoe bydra om die deelwoord beter te omskryf en te definieer?
- b) Hoe kan 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk bydra tot 'n verhelderende beskrywing van die Afrikaanse deelwoord?
- c) Tot watter mate lei nuwe insigte in die deelwoord tot alternatiewe lemmatisering en WS-etikettering van deelwoorde in die NCHLT-korpus?

Hoofstuk 2 het 'n oorsig van Afrikaanse taalbronne gegee om teenstrydige sieninge oor die deelwoord te illustreer. Faktore wat uitgelig is as bydraend tot hierdie teenstrydige

sienings, is die verwarrende terminologiegebruik en formulerings, asook die vae onderskeid tussen fleksie en afleiding. Deur vergelykende werkwoordparadigmas met Engels en Nederlands is verder uitgewys dat die vorm van die werkwoord in perifrastiese konstruksies (verledetyd- en passiefkonstruksies) in Afrikaans nie op dieselfde wyse ooreenstem met die voltooidde deelwoordvorm soos wat dit in Engels en Nederlands die geval is nie. Die hipotese is gevolglik geformuleer dat ons moontlik in Afrikaans kan onderskei tussen hierdie vorme van die werkwoord as die perifrastiesekonstruksievorme (PK-vorme) teenoor die deelwoordvorm van die werkwoord. Die siening dat die deelwoordvorm van die werkwoord gelyktydig werkwoordelik en adjektiewies (of 'n ander woordklas) is, was sover die enigste onbetwisbare siening van wat die deelwoord behels.

In Hoofstuk 3 is 'n teoretiese oorsig gegee oor 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk se vertrekpunte en konstrunkte wat relevant kan wees vir die beskrywing van die deelwoord in Afrikaans. Die drie teoretiese vooronderstellings binne hierdie beskrywingsraamwerk is dat: (i) taal integraal deel uitmaak van menslike kognisie; (2) die grammatika inherent betekenisvol is; en (iii) werklike taalgebruiksdata 'n sentrale posisie beklee. Onder die eerste vooronderstelling, dat taal integraal deel vorm van menslike kognisie, is vyf kognitiewe vermoëns beskou wat besonder onthullend is vir taalbeskrywing, te wete simbolisering, komposisie, kategorisering, skematisering en vestiging. Verdere fundamentele konstrunkte wat binne die kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk nodig is om 'n onthullende karakterisering van die deelwoord te illustreer, sluit in domein, profiel, trajektor, landmerk, gesigspunt, skandering, verwysingspunt, skopus en die temporele dimensie. Daar is ook aangetoon hoe woordklasse op grond van 'n semantiese konseptualisering anders beskou word as in tradisionele taalteorieë. Deelwoordmorfeme is spesifiek verduidelik as 'n tipe intermediêre predikasie tussen prosesse en atemporele verhoudings (Langacker, 1987:145; 2008a:119-120).

Die onderskeid tussen fleksie en afleiding, wat in Hoofstuk 2 as 'n bydraende faktor tot die verwarring in bronne oor Afrikaans uitgewys is, is in Hoofstuk 3 vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk as 'n kontinuum voorgestel, eerder as 'n absolute binêre onderskeid. Op die fleksie-afleiding-kontinuum is aangetoon dat deelwoorde iewers in die middel tussen die fleksie- en afleidingspole val


(Tuggy, 1985:214,219). Binne hierdie fleksie-afleidings-kontinuum, is daar nog fyner onderskei tussen kontekstuele en inherente fleksie (Booij, 2002:19-20; 2006:660). Deelwoorde stem ooreen met inherente fleksie wat nader aan afleiding lê as kontekstuele fleksie.


In Hoofstuk 4 is 'n omvattende beskrywing van die deelwoord gegee. Eerstens is die onvoltooide deelwoord beskryf deur 'n karakterisering op die fonologiese sowel as semantiese pool. Op die fonologiese pool is vier basiese skemas vir die onvoltooide deelwoorde in Afrikaans gegee. Die prototipiese skema is $[[V]_i \text{ end}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_i]_j$ waar 'n onvoltooide deelwoord gevorm word deur 'n werkwoord met *-end* te vervoeg. Die volgende twee skemas is uitbreidings van die prototipiese skema: $[[\text{PART-V}]_i \text{ end}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_i]_j$ en $[[[\text{VR}][a]]_{Vi} \text{ end}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{wat SEM } V_i]_j$ waar onderskeidelik partikelwerkwoorde en werkwoorde wat deur verbaliseerders gevorm is, vervoeg. Die vierde skema $[[[a]_i[V]_j]_{VP} \text{ end}]_{Ak} \leftrightarrow [\text{wat SEM}_j \text{ in REL tot SEM}_i]_k$ is 'n verlenging van die prototipiese skema waar 'n werkwoordstuk tot 'n deelwoord vervoeg om 'n samestellende afleiding te vorm. Elkeen van die vier groepe het verder ook 'n verlenging na deelwoorde wat gevorm kan word met *-de* in plaas van *-end*. Op die semantiese pool is onvoltooide deelwoorde as 'n intermediêre tipe predikasies gekarakteriseer wat eienskappe van beide prosesse en atemporele verhoudings vertoon deurdat die prosesbasis behoue bly, maar dat dit opsommend geskandeer word. By onvoltooide deelwoorde soem die fokus in op die middeldeel van die proses (die onmiddellike skopus) en die werkwoordbasis word as homogeen gekonseptualiseer. Uiteindelik is die beskrywings op die fonologiese en semantiese pole in 'n kategoriseringsnetwerk vir die onvoltooide deelwoord saamgevat.

Die voltooiide deelwoord is ook op beide die fonologiese en semantiese pole beskryf. Op die fonologiese pool is ook vier basiese skemas vir die voltooiide deelwoorde in Afrikaans gegee. Die prototipiese skema is $[ge[V]_i \text{ d/t}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooiide staat van SEM}_i]_j$ waar 'n werkwoord met *-d/-t* vervoeg. Die volgende twee skemas is verlengings van die prototipiese skema: $[[\text{PART}]_i \text{ ge } [V]_i \text{ d/t}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooiide staat van SEM}_i]_j$ waar die werkwoord 'n partikelwerkwoord is, en $[[V]_i \text{ d/t}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooiide staat van SEM}_i]_j$ waar die voltooiide deelwoord gevorm word sonder *ge-*. Die vierde groep is 'n verlenging van die skema wat voltooiide deelwoorde sonder *ge-*-vorm, naamlik $[[\text{VR-a}]_{Vi} \text{ d/t}]_{Aj} \leftrightarrow [\text{voltooiide staat van SEM}_i]_j$ waar die deelwoord gevorm word van 'n werkwoord wat deur 'n

verbaliseerder gevorm is. Op die semantiese pool is voltooide deelwoorde ook as 'n intermediêre tipe predikasies gekarakteriseer wat eienskappe van beide prosesse en atemporele verhoudings vertoon deurdat die prosesbasis behoue bly, maar dat dit opsommend, as 'n geheelbeeld, geskandeer word. Die proses word getransformeer tot 'n finale toestand en trajektorstatus word aan die meer passiewe deelnemer verleen. Uiteindelik is die beskrywings op die fonologiese en semantiese pole in 'n kategoriseringsnetwerk vir die voltooide deelwoord saamgevat.

Laastens is die verledetydvorm en die passievorm van die werkwoord ook vanuit hierdie beskrywingsraamwerk op die fonologiese sowel as die semantiese pole gekarakteriseer. Die beskrywings het bevestiging gebied vir die hipotese wat in Hoofstuk 2 gevorm is, naamlik dat hierdie vorme van die werkwoord nie dieselfde as die deelwoordvorm van die werkwoord is nie, maar wel 'n ánder vorm van die werkwoord is: 'n perifrastiesekonstruksievorm. In Afrikaans behoort daar tussen hierdie vorme onderskei te word (vergelyk Figuur 41).





Figuur 41: Opsommende vergelyking tussen morfeme van verskillende vorme van die werkwoord: (a) *-ende* (IPFV.PTCP), (b) *ge-...d/t* (PFV.PTCP), (c) *ge-* (PAS) en (d) *ge-* (PST)

In Hoofstuk 5 is daar gesteun op die insig wat tot dusver verkry is oor deelwoorde om die hantering daarvan in die NCHLT-projek te analiseer. Eerstens is die hantering van deelwoorde in die protokoldokument vir lemma-identifisering geanaliseer en, waar nodig, is voorstelle gemaak ter verbetering van die protokoldokument. Elke riglyn in die protokoldokument wat die deelwoord raak, is beskou en daar is telkens by elke riglyn gekorrigeerde gebruiksvoorbeelde uit die NCHL-korpus gegee. Daarna is die hantering van deelwoorde binne protokoldokument vir WS-etikettering beskou. Die WS-etiketstel wat in die NCHLT-projek vir Afrikaans gebruik is, is baseer op dié van Pilon (2005). In hierdie WS-etiketstel word daar egter nie voorsiening gemaak vir spesifieke eienskappe en waardes vir deelwoorde nie, omdat deelwoorde geëtiketteer word volgens die funksie waarin die woord gebruik word. Gevolglik is daar nie riglyne vir die annotasie van deelwoorde in die WS-protokoldokument om te analiseer nie. Deur die eienskappe en waardes van die kenmerk 'werkwoorde' in die WS-etiketstel vir Afrikaans te vergelyk met EAGLES (1996) en die CGN (2004), is 'n vertaalfout in die WS-etiketstel vir Afrikaans waargeneem wat moontlik daartoe kon bydra dat daar nooit 'n aparte waarde vir 'n deelwoord in die WS-etiketstel opgeneem is nie. Daar is dienooreenkomstig aangetoon dat dit wel moontlik sou wees om 'n intermediêre etikette vir deelwoorde te skep wat in pas is met ander WS-etiketstelle sonder dat die funksie waarin die deelwoord optree, verlore gaan. Gebaseer hierop, is alternatiewe WS-etikette voorgestel wat verder gebruik is om die bestaande WS-etikette vir die deelwoord-tekseenhede in die NCHLT-toetstekse mee te vergelyk.

6.3 Gevolgtrekking en aanbevelings

Die eerste navorsingsdoelwit wou bepaal hoe die deelwoord in bestaande Afrikaanse bronne omskryf of gedefinieer word, en hoe Nederlandse en Engelse beskrywings van die deelwoord daartoe kan bydra om die deelwoord beter te omskryf en te definieer. Die gevolgtrekkings waartoe in Hoofstuk 2 gekom is, is dat: (i) bestaande bronne die deelwoord in Afrikaans verwarrend beskryf deurdat die vorm van die werkwoord in verledetyd- en passiefkonstruksies soms ook as 'n deelwoord gedefinieer word, en soms nie; en (ii) die vorm van die werkwoord in die verledetyd- en passiefkonstruksies nie in Afrikaans dieselfde ooreenkoms met die deelwoordvorm vertoon soos wat dit in Engels en Nederlands die geval is nie. Die aanbevelings wat hiervoor gemaak is, behels dat daar in Afrikaans tussen hierdie verskillende vorme van die werkwoord onderskei behoort te word: die PK-vorme van die werkwoord (wat insluit die verledetydvorm en die passiefvorm) en die deelwoordvorm.

Die tweede navorsingsdoelwit wou vasstel hoe 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk sou kon bydra tot 'n verhelderende beskrywing van die Afrikaanse deelwoord. Die eerste gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat 'n karakterisering van die deelwoord vanuit hierdie beskrywingsraamwerk 'n mens in staat stel om konseptueel sin te maak van die morfologiese struktuur van die deelwoord. In Hoofstuk 4 is aangetoon dat die morfologiese struktuur van die deelwoord daarvoor verantwoordelik is dat deelwoorde hulle werkwoordelike karakter kan behou, terwyl hulle as 'n ander woordklas optree. 'n Verdere gevolgtrekking wat die karakterisering van die verledetyd- en passiefkonstruksies vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk gelewer het, was om konseptueel te onderskei tussen die PK-vorm van die werkwoord en die deelwoordvorm.

Die derde navorsingsdoelwit wou vasstel tot watter mate nuwe insigte in die deelwoord tot alternatiewe lemmatiserings en WS-etiketterings van deelwoorde in die NCHLT-korpus sou kon lei. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat deelwoorde redelik bevredigend gelemmatiseer is. Aanbevelings wat gemaak is ter verbetering van die lemmaprotokol, sluit in: (i) om in die protokoldokument te onderskei tussen die PK-vorme van die werkwoord en die deelwoordvorm van die werkwoord; (ii) om die riglyn vir die lemmatisering van partikelwerkwoorde wat by werkwoorde gegee is, te herhaal

by die riglyn vir deelwoorde; (iii) om nog geleksikaliseerde adjektiewe by te voeg tot die bestaande lys in die protokoldokument; en (iv) om 'n riglyn voor te stel waarvolgens daar op 'n konsekwente wyse onderskei kan word tussen deelwoorde wat optree as voorsetsels of bywoorde.

Die gevolgtrekking waartoe gekom is ná die analise van die WS-etiketteringsprotokol, is dat daar nie in die WS-etiketstel vir Afrikaans voorsiening gemaak is vir spesifieke eienskappe en waardes vir deelwoorde nie. Deelwoorde word in die WS-etiketstel vir Afrikaans streng geëtiketteer volgens die funksie waarin die deelwoord voorkom. Alhoewel so 'n hantering van die deelwoord in terme van WS-etikettering geweldig prakties is, lewer dit 'n taalkundig-arme WS-etiket wat die werkwoordelike karakter van die deelwoord ignoreer. 'n Aanbeveling wat hiervoor gemaak is, is 'n alternatiewe WS-etikettering van deelwoorde waar eienskappe en waardes in die werkwoordetiket daarvoor aangepas is. In die voorgestelde intermediêre etiket, geld die volgende eienskappe en waardes vir deelwoorde:

- eienskap (iv) 'Finietheid' met waarde (2) 'infiniete ww.';
- eienskap (v) 'Ww.-vorm/-wyse' met waarde (6) 'deelwoord';
- eienskap (ix) 'Aspek' met waardes (1) 'voltooid' en (2) 'onvoltooid'; en
- eienskap (xiv) 'Gebruik' met waardes (1) 'adjektief, attributief', (2) 'adjektief, predikatief', (3) 'bywoord' en (4) 'voorsetsel'.

Die afkortings wat vir maklike annotering van verskillende WS-etikette aanbeveel word, is:

- VDVA A werkwoord, deelwoord, voltooid, adjektief, attributief
- VDVAP werkwoord, deelwoord, voltooid, adjektief, predikatief
- VDVB werkwoord, deelwoord, voltooid, bywoord
- VDOAA werkwoord, deelwoord, onvoltooid, adjektief, attributief
- VDOAP werkwoord, deelwoord, onvoltooid, adjektief, predikatief
- VDOB werkwoord, deelwoord, onvoltooid, bywoord

6.4 Verdere navorsing

Die laaste woord is nog nie gespreek oor die onderskeid tussen fleksie en afleiding nie. Alhoewel die fleksie-afleiding-kontinuum, en veral die fyner onderskeid tussen kontekstuele en inherente fleksie, 'n meer inklusiewe interpretasie as 'n absolute binêre onderskeid is, bly dit vir 'n meer analitiese taal soos Afrikaans 'n onnodigheid. Aan die begin van die studie is daar sterk gesteun op die onderskeid tussen fleksie en afleiding met die doel om te verstaan hoe bronne die deelwoord in Afrikaans beskryf. Daar is in die studie so getrou moontlik by die korrekte terminologie vir morfologiese prosesse gehou, maar mens kan nie anders as om te dink dat daar 'n groot stuk kunsmatigheid hieraan kleef nie. Verdere navorsing oor die onderskeid tussen fleksie en afleiding mag moontlik die onderskeid neutraliseer (iets wat Combrink al in die 1970's voorgestel het).

'n Verdere bestudering van die onderskeid tussen die passiefvorm en die voltooide deelwoord in die predikatiewe posisie, sal ook 'n waardevolle bydrae lewer. Alhoewel daar konseptueel tussen hierdie twee konstruksies in Hoofstuk 4 onderskei is, is die vormlike ooreenkoms van die konstruksies té na aan mekaar om nie verder ondersoek te word nie. Voorlopige aanbevelings in hierdie studie om met die onderskeid te help, sluit in 'n intuïtiewe onderskeid, kontekstuele inligting met betrekking tot die agent en 'n aantal kunsmatige riglyne.

Tydens die vergelyking van die WS-etiketstel vir Afrikaans en ander standaard-WS-etiketstelle, het dit geblyk dat die werkwoordkenmerk in die WS-etiketstel vir Afrikaans in verskeie geleue verskil van die ander etiketstelle en selfs in party geleue tekortskiet. 'n Alternatiewe interpretasie van al die geleue in die werkwoordkenmerk sal kan lei tot 'n interessante vergelykende studie met die bestaande WS-etiketstel vir Afrikaans.